Sing vooraf: Psalm 66:2 (p. 320)

2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 98:2 (p. 488)

2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bid ons voor God vir genade en onderneem om met blydskap die genade te verkondig met Psalm 9:9, 10 (p. 38)

Wet

Psalm 9:9, 10 (p. 38)

9 Bewys aan my genade, HEER, / en sien op my ellende neer!
U, wat my aan die dood ontruk het, / kyk, hoe my haters my verdruk het!

10 Dan vind my tong weer nuwe stof, / in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade, / so groot in nuwe reddingsdade.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 38:1 (p. 189)

1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.

Skriflesing: Efesiërs 2

Teks: Efesiërs 2:8-9

Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. (Efesiërs 2:8-9 AFR1953)

Ons sing só oor hierdie waarheid:

Welsalig wie van skuld en straf onthewe
die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid,
het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt. (Psalm 32:1 Totius-beryming)

In die gedeelte wat ons gelees het, word daar inderwaarheid twee beskrywings gegee.

- Aan die een kant word die heerlikheid en die hoogheid van die Here Jesus Christus beskryf.
    - Daar word vertel dat God oorryk is aan genade, en daarom het Hy ons in Jesus Christus begenadig.
- Aan die ander kant weer word daar vertel wie ons nou eintlik is – ons wat soveel rykdom van genade van God af kry.

Die Here teken dié prentjie maar swart.

- Hy wil hê ons moet presies weet hoe ellendig ons is, en hoe hopeloos, sodat ons vanself behoort te besef dat ons geen aanspraak het om in enige opsig met God genoem te word nie.
- Want dis net teen hierdie agtergrond dat ons sal kan besef hoeveel genade ons in werklikheid gekry het.

Vers een begin deur die gelowiges almal persoonlik by die saak te betrek:

. . . en julle . . .

Nie net die Efesiërs nie. Ook u en ek. Die saak gaan oor ons.

- Moenie maak of dit ’n ver saak of ’n akademiese kwessie is wat nie naby aan jou persoon kom nie! Die Here praat nou met jou!
- Daar het iets met jou gebeur!
    - Jou siel se oë het blind geword en toe kon jy die Here nie meer sien nie.
    - Toe het jy gesterf.
    - Jy het soveel misdaad en sondes gepleeg dat jy nie meer as ’n lewendige mens getel kon word nie.

Geestelik was daar net die stilte van die graf in jou lewe.

- Al jou sondes staan voor die Here.
- Jy is nie iemand op wie die Here trots kan wees nie, want jy beteken glad niks vir Hom nie.
- In jou is daar geen stukkie insig vir die waarheid hoegenaamd nie.

Vers twee teken die donkerte oor ons nog sterker!

- ’n Geestelike dood is ongelukkig nie ’n toestand waarin jy roerloos is nie!
- Dis ’n toestand waarin jy baie beweeg.
- Dis ’n toestand waarin jy baie vreugde geniet– dis wanneer jy jou met blydskap oor-gee aan die sonde en jou verheug omdat jy alles wat heilig is, verpes met jou lewe.

Ons is dood in ons sondes. Ons doen graag ongeregtigheid.

- Ons gaan dikwels op in ons verwaandheid, en in selfliefde.
- In ons wêreld is daar niemand wat beter kan dink as onsself nie, en wat belangriker is as onsself nie.
- Daarom is God se wil en sy Woord nie meer die maatstaf waarvolgens ons lewe nie. Ons leef ons eie lewe.

Ons is godsdienstig, maar op so ’n manier dat dit meestal net die oorskiet is wat ons bereid is om aan God af te staan.

- Ons dink baie keer soos die duiwel. Ons tree op soos hy. Ons redeneer en oordeel soos hy.
- Ons soek die plesier van ons lewe daar waar hy is. Die wêreld weg van God af het die maatstaf van my lewe geword.
- Daarom is ons liggaamlike plesier so belangrik dat ons dit eerder doen op Sondae as om God te dien.

Oordeel nou self: Kan iemand wat met innerlike vermaak sonde doen, ooit aanspraak maak op die ewige lewe?

Dis waarom hier in vers 2 geskryf staan dat ons op die paaie van die owerste van hierdie wêreld loop.
- Die owerste van hierdie wêreld is die duiwel.
- En hy het 'n hele klomp engele wat onder sy leiding die gelowiges mislei en verlei tot die kwaad.
- As jy jou so verlekker in dinge wat jy nie moet doen nie, dan sluit jy aan by hierdie geestesmag van Satan wat met besieling teen God veg.

Vers drie gaan nog verder in sy beskrywing van ons geestelike mislukkings:
- Ons het agter die duiwel aangeloop met die begeerlikhede van die vlees en sinne.
- Dit is alle sondes wat met liggaamlike genot en bedwelming van jou sinne te doen het.

Ons was van nature kinders van die toorn . . .

In vers drie word daar geen onderskeid gemaak tussen mense wat in die verbond is en dié wat buite die verbond (heidene) is nie– almal is wellustelinge van die verkeerde.
- Dis ook reg, want alle mense se verstand het verdof na die sondeval.
- Daarom doen kerkmense en ongelowiges sonde.

Alle mense se verstand funksioneer soms verkeerd.
- Daarom is sommiges van ons so hardkoppig in ons verkeerdheid– dis omdat ons denklewe en ons bewussynswêreld heeltemal verontreinig is.
- Daarom is daar nie 'n verskil tussen ons en die ongelowiges as ons net met onsself voor God sou staan nie.
- Die Here sou ons albei vanweë sy weersin in ons sondes met sy toorn vernietig het.
- By die ongelowiges ontbreek die geloof en vernuwing wat deur God se Heilige Gees bewerk word.

Dan begin die Bybel iets nuuts vertel. Tot nou toe het die Here die stemming opgewek van mense wat gestraf en verniel gaan word oor hulle sondes. En dan begin vers 4 met *maar*... **Maar God het ons lewend gemaak!**
- Hy het sy Seun aan 'n kruishout laat doodmaak.
- Die Seun het toe al die doodstraf en helse verguising gedra.
- Hy was bereid om dit alles te dra sodat God dit nie oor ons moet laat kom nie.
    - Sy hele lewe deur het Hy die vloek van God se toorn oor ons gedra, maar veral aan die kruis.
    - Sy dood en sy verhoor, met al die ongeregtigheid en angs en pyn wat daarin was, was om genade aan ons te bewys.

Die genade was dat God wou hê dat Hy ons moes reinig van al die smet wat aan ons kleef sodat ons verheerlik kan word om in God se koninkryk te mag lewe in die hiernamaals.
- Hy wat heilig is, moes deur hierdie afskuwelike verhoor en dood gaan om ons daarvan te kon verlos.
- Die genade van God aan ons is dus: Lewe.

    - Vers een sê dat ons lewend gemaak is toe ons dood was.
    - Vers vyf en ses sê ook dat ons deur ons sondes dood was, maar ons is toe lewend gemaak en saam met die Here Jesus Christus opgewek.
    - Ons sit al klaar saam met die Here Jesus Christus in die hemel.

Hierdie gedeelte bewys God se beslistheid oor die saak.

- Al sondig ons nog steeds, by God kyk Hy al daarby verby na die hiernamaals toe, wanneer ons almal saam met Hom in die hemel sit.
- Die Here Jesus Christus bewerk 'n baie noue verband tussen ons en Hom – Hy is die Hoof en ons die liggaam.
- In hierdie beeld is dit duidelik dat dit 'n eenheid vorm, want 'n hoof kan nie sonder 'n liggaam lewe nie en omgekeerd.

Hier is ook van 'n dubbele opstanding sprake.

- Die eerste is die werklike opstanding van ons liggame wanneer die Here Jesus Christus kom.
- Maar hier word ook gepraat van 'n geestelike opstanding – die opwekking deur die Heilige Gees wanneer ons opstaan uit die dood van die sonde.
    - Dit is wanneer ons ons reinig van alle dinge wat ons besmet het.
    - Dit geld dan besmetting van sowel die liggaam as die gees.
- Dis 'n opstanding uit die geestelike dood wanneer die Heilige Gees ons leer en lei om ons in 'n heilige diens aan God toe te wy.

Ons dink soms baie vaag aan die ewige lewe.

- Ons weet nie presies wat ons daar gaan doen nie, en wat alles daar gaan gebeur nie.
- Daarom word die sluier effens gelig deur dit wat in vers sewe staan: In die eeue wat kom, gaan Christus aan ons die uitnemendheid van sy genade en goedertierenheid betoon.
- Die ewigheid gaan nie iets eentonigs wees wat dralend verbygaan nie. Dit is 'n tyd van afwisseling en verskeidenheid van genadebelewenis.

Waarom doen die Here dit alles – veral gesien teen die agtergrond van al my sondes? Wat het ek gedoen om dit te verdien?

- Die antwoord is in ons teksvers: Jy het niks gedoen nie.
- Jou hele hart en jou hele persoon staan in volstrekte veroordeling voor God.

Maar jy is uit genade gered.

- Genade staan in volstrekte teenstelling met jou eie verdienste.
- Die Heilige Gees het jou tot geloof beweeg omdat God jou uitverkies het.
- En nou word jy in die Here Jesus Christus verlos omdat dit is wat jy glo.

Die apostel Paulus beskryf geloof hier as 'n bepaalde daad: Jy doen afstand van al jou eie werke en ook daarvan dat jy self jou eie saligheid wil verkry.

- Jou lewe het nou klaar bewys dat dit nie kan nie. Daarom tel werke glad nie.
- Geloof staan lynreg teenoor werke. Daarom tel verdienste ook nie, want dit staan reg teenoor genade.
- Nou kan ons, ondanks al ons sondes, met blydskap en gerustheid voortlewe.

My lewe kan maar tekort skiet – God het my uit genade gered.

- Ek hoef nie die volmaakte self te bewerk nie – God skenk my dit.
- Maar ek mag my ook nie in my saligheid roem asof dit my verdienste is nie.
- Die roem kom toe aan Christus die Here wat met sy bloed en lewe hierdie genadegawe aan my geskenk het toe Hy gesterf het en toe Hy onskuldig gekruisig is.

Amen.

Gebed

Psalm 103:9 (p. 506)

9 Maar Gods genade◠en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Formulier

Skrifberyming 1-1:3 (24:3)

3 Tot roem en prys van Gods genade, / die grond van ons behoudenis,
sing ons nou van sy reddingsdade / in Hom wat die Geliefde is.
Uit Hom in wie ons nou weer vry is / van skuld, deur sy verlossingsbloed,
in Hom, in wie die heil berei is, / kom seënstroom ons tegemoet.

Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 116
Psalm 118

Slotgebed

Slotpsalm 92:6 (p. 467)

6 'n Palmboom hoog en rustig, / 'n seder sterk en skoon / met breë blarekroon –
so groei Gods volk, so lustig. / Hul groei deur Gods genade: / hul bloei daar hoog en fris,
waar God se voorhof is, / in skone lofgewade.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: Nagmaal 24 Februarie 2008